# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD


## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*

### Groete aan al die Rynie huisgesinne!



Die eerste kwartaal van 2026 is op sy rug en die skool sluit volgende week Vrydag, 27 Maart 2026, vir die kort April vakansie. Skole heropen weer op Woensdag 8 April 2026. Personeel is besig om punte te finaliseer vir die eerste kwartaal en leerders ontvang ook rapporte op die dag wat die skool sluit. Rapport reëlings vir die dag as die skool sluit is as volg:




**Op Vrydag 27 Maart 2026 is daar geen skool nie. Leerders ontvang rapporte tussen 07:00 en 08:00 in hulle registerklasse en gaan onmiddelik huis toe nadat rapporte ontvang is. Rapporte wat 08:00 nog nie afgehaal is nie sal in die kluis bewaar word tot volgende kwartaal.**

**Die naskool is oop vanaf 07:30 vir al die naskoolleerders en is natuurlik ook oop soos normaal vir die vakansie.**

**Geen rapporte beskikbaar in die voorportaal nie!**

# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

Ons is volstoom aan die gang met Rugby- en Netbaloefeninge en het ook enkele vriendskaplike wedstryde agter die rug. Die weer het ons egter genoodsaak om sekere wedstryde af te las. Die tuisskool neem die verantwoordelikheid van hierdie besluit met die veiligheid van die spelers as prioriteit tydens oorweging.



Beide die Rugby en Netbal speel hierdie jaar weer in die Superliga wat die hoogste liga is waaraan deelgeneem kan word. Baie dankie aan ons klerekomitee vir die nuwe netbaldrag wat uitstaan en professioneel vertoon!

***Ons wens al die spelers en afrigters sterkte vir die liga's toe wat volgende kwartaal begin!***



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## LAERSKOOL RYNFIELD

## Departementele Pos

**Vereistes:**

- Geskikte onderwyskwalifikasie
- SARO registrasie

**Salaris:**

- Volgens Departementele skaal.

**Proses:**

- Sifting en onderhoude

**Aanvangsdatum:**

- 1 Mei 2026

**Sluitingsdatum vir aansoeke:**

- Vrydag 27 Maart 2026

Handig volledige CV by Sonja in of e-pos na admin@rynfieldlaer.co.za

# KLEUTERSKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

## LEKKERBEKDAG!!!

***Ons wil uit die diepe van ons hart baie dankie sê aan elke ouer vir al die lekkernye wat hulle skool toe gestuur het. Dit is deur die ondersteuning van wonderlike ouers wat dae soos hierdie 'n reuse sukses is. Baie dankie aan elke kleuter en leerder wat ons kom ondersteun het en bakke vol lekkernye gekoop het.***









# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## KOSKAS:

Ons bedank elke gesin wat bydra tot die verryking van ander se lewens. Ons benodig asb steeds die volgende items:

- Koeldrank
- Toiletpapier
- Melk
- Skottelgoedseep






NUUSBRIEF 10 VAN 2026 *19 MAART 2026*

# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD












# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## KASKARRE:

**Kaskarnuus: Onderwyser-uitdaging** 🏁

Die Graad 7 Alpine-span wys hulle is die vinnigste tydens die pitstop-uitdaging! Hulle het die vinnigste tyd opgestel deur met slegs een hand vier “chomps” te eet. Hulle is nou gelykop in die eerste plek saam met die Graad 5-onderwysers, met 2 punte elk.

Daar is nog net **36 dae oor voor Kaskardag**!

Betaal jou geld in en wees deel van ’n suksesvolle en opwindende dag!





Gelukkige trekking - Baie geluk aan **Gunnar Mowbray** in **graad 5** wat hierdie week se gelukkige trekking wenner is. Daar is nog baie op die spel! Elke leerder wat hul borgvorm met R300 ingee, word outomaties ingeskryf vir ’n gelukkige trekking waar ’n fantastiese prys gewen kan word!



## KASKARRE vervolg:

Vir elke **R300 kry jy 1 inskrywing** vir die gelukkige trekking.
🥤🍿 Beloning vir jou moeite. **Vir elke R300 wat ’n leerder insamel, wag daar ’n Coke en ’n heerlike popcorn by die snoepie as beloning.**
✨ Hoe meer jy insamel, hoe groter die beloning!
Kom ons wys wat Rynies kan doen – kry jou borgvorm vol en maak gereed vir ’n onvergeetlike Kaskardag!

**Spesiale Dankie aan ons Hoofborg** 🍔
Ons wil graag ’n opregte dankie sê aan Spur Steak Ranches, ons hoofborg van vanjaar se Kaskar! Dankie vir julle ruim ondersteuning wat help om hierdie dag ’n reuse sukses te maak. Ons waardeer dit opreg. Maak seker jy kom loer ook by die Spur-stalletjie op die dag, waar daar heerlike kos te koop sal wees!

NUUSBRIEF 10 VAN 2026 *19 MAART 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

**REDENAARS:**

Ons top 6 leerders van elke graad is nou ingeskryf vir Interskole en neem op Saterdag 30 Mei aan die Provinsiale uitdunne deel. Hou aan hard oefen maats!

**SPANREDENAARS:**

- Sluitingsdatum vir Interskole inskrywings **ALLE STREKE: 13 April 2026.**
- Ouers word herinner om asb alle spanlede name vir Juf. Coffey te stuur sowel as die toesprake (harde kopie asb) vir goedkeuring. **Laaste dag vir inhandiging is Dinsdag 24 Maart.**
- Alle spanne moet sou gou as moontlik ‘n oefen tydsgleuf met Juf. Coffey of Juf. Barbara vasmaak.

**PUBLIC SPEAKING:**

Onthou om toesprake in te handig vir goedkeuring. Ons het besluit om die afsnydatum bietjie aan te skuif om meer maats te motiveer om aan die afdeling deel te neem. Die nuwe datum is **Vrydag 17 April.**

Die interne deelname datums sal dus ook geskuif word na Mei.

Hou asb ‘n oog op die nuwe Kwartaalprogram.



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

**KOOR:**

Ons verstaan dat leerders soms weens siekte of ander dringende omstandighede nie die kooroefeninge kan bywoon nie.

**Neem asseblief kennis van die volgende reëlings:**

- **Verskonings:** Verskonings moet asseblief nie meer op die WhatsApp-groep geplaas word nie. Kontak Juf. Yolanda direk.
- **Doktersbriewe:** Indien 'n leerder afwesig was, moet 'n mediese sertifikaat of formele brief gedurende die daaropvolgende week se oefening ingehandig word.
- **Getroue Bywoning:** Ons doen 'n ernstige beroep op leerders om oefeninge getrou by te woon. Deurlopende afwesigheid sonder 'n geldige rede kan tot gevolg hê dat 'n leerder sy/haar prysuitdeling-toekenning verbeur. Dit kan ook deelname aan die Kunswedstryd nadelig beïnvloed.


Die koor funksioneer soos 'n span; elke lid se teenwoordigheid is deurslaggewend. Wanneer leerders oefeninge mis, beïnvloed dit die koor se voorbereiding, dissipline en algehele standaard.

Baie dankie vir u voortgesette ondersteuning en samewerking om van ons kore 'n sukses te maak.

**SPREEKKOOR:**

Ons begin in kwartaal 2 met ons spreekkore, Gr. 1-3, Gr. 4-5 en Gr. 6-7. Meer inligting sal volg so hou die nuusbrief dop.

*Kultuurgroete, Juf. Coffey*



# NASKOOL

## LAERSKOOL RYNFIELD

**Reëlings vir skoolvakansie:**



- Vrydag 27 Maart: Skool sluit
- Rapporte word slegs afgehaal tussen 07:00-08:00
- Naskool is oop vanaf 07:00-17:30

**VAKANSIE TYE:**

| | |
|---|---|
| Maandag, 30 Maart TOT Donderdag, 2 April | 07:00 - 17:30 |
| Vrydag, 3 April | GESLUIT (GOEIE VRYDAG) |
| Maandag, 6 April | GESLUIT (GESINSDAG) |
| Dinsdag, 7 April | 07:30 - 17:30 |

- Ontbyt, middagete en vrugte + sap word daagliks bedien.
- Die naskoolsnoepie sal oop wees – sakgeldjie is welkom.
- Leerders mag gedurende die vakansie speelgoed, fietse, rolskaatse ens. saambring. (GEEN SELFONE/TABLETTE, ENS.)
- L.W. leerders aanvaar self verantwoordelikheid daarvoor.

Dagbesoekers welkom teen R100-00 per dag, per leerder. (Slegs ingeskrewe leerders van Laerskool Rynfield)



**Buitemuurse aktiwiteite:**

Indien u kind/ers tot 17:00 betrokke is by buitemuurse aktiwiteite en daarna terugkom naskool toe, maak asseblief seker naskoolpersoneel is bewus daarvan.

NUUSBRIEF 10 VAN 2026 *19 MAART 2026*



# RYNIENUUS


LAERSKOOL RYNFIELD

## SPYSKAART: NASKOOL


| DAG | ETE | 15:30 - 16:00 |
|---|---|---|
| Maandag, 23 Maart | Macaroni & Kaas | Vrug & Sap |
| Dinsdag, 24 Maart | Visburgers | Vrug & Sap |
| Woensdag, 25 Maart | Kouevleis met rolletjie & slaai | Vrug & Sap |
| Donderdag, 26 Maart | Hotdogs | Vrug & Sap |
| Vrydag, 27 Maart | Pasteie | Vrug & Sap |

**ONTHOU! Naskoolsnoepie is oop gedurende die vakansie.**

## SPYSKAART: SNOEPIE




| DAG | ETE |
|---|---|
| Maandag, 23 Maart | Toasted broodjies |
| Dinsdag, 24 Maart | Vienna’s & Smiley’s |
| Woensdag, 25 Maart | Footlongs |
| Donderdag, 26 Maart | Pasteie |
| Vrydag, 27 Maart | SKOOL SLUIT! |



# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD




## HAVE SOMEHING THAT NEEDS FIXING?

**Contact Chris on 081 090 9414 today to book an appointment.**

**Servicing the Benoni, Boksburg and Kempton Area**

## FEATURED SERVICES:

- **Small Welding Projects & Repairs**

Safety gates, fencing, burglar bars, Carports, steel repairs & more

- **Small Electrical Work**

Light fittings, plug points, switches & minor wiring repairs.

- **Small Maintenance Work**

Door and lock repairs, painting

- **Small Trailer Repairs**

Lights, wiring, wheel bearings & minor welding repairs.

- **Small Plumbing Repairs**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

